

6 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1
Fokusgedeelte: Genesis 1:26-28
HK, Vraag 6

Die mens gemaak as pronkstuk van God se skepping

In die volksmond is altyd gesê dat die koninklike families blou bloed in hulle are het. Ons het van nature geen blou bloed nie. In ons are vloei sondaarsbloed (Sondag 2:5). God het ons egter nie so gemaak nie. In die hele skeppingsverhaal is daar net Een wat Goddelik is. Dit is God self. Die water, droë grond, plante, ligte, visse, voëls en diere is maar skepsels. Ook ons. Mense is skepsels, besondere skepsels wat ons anders maak as al die ander skepsels. Die mens is beeld van God. Die mens is gemaak om naby God te leef en Hom lief te hê. Gemeenskap en liefde toon die mens in sy gesinslewe, sy werk en sy ontwikkeling. In die lewe van die mens op aarde word God se heerlijkheid sigbaar. God het ons koninklik gemaak – by wyse van spreke, met blou bloed in ons are. Die mens is God se pronkstuk in sy skepping.

Die DL (Hfst 3 en 4:1) beaam dit: “Die mens is van die begin af na die beeld van God geskep. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer.” Die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 14) gebruik die woord “uitnemendheid”.

Die besmette bloed kom nie van God nie. Immers, die bloed wat God gee, is altyd suiwer. Dit geld sy skepping en ook die bloed van sy Seun.

Sing: Psalm 8:1-4 (1936-beryming) Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)
Psalm 8:1, 3, 4 (2001-omdigting – TT Cloete)